



# education

Department:  
Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

## SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2007

AARDRYKSKUNDE V1

STANDAARDGRAAD

FEBRUARIE/MAART 2007

502-2/1

AARDRYKSKUNDE SG: Vraestel 1  
Vraestel & Diagramboek

PUNTE: 225

TYD: 3 UUR



502 2 1A

SG

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye en 'n BYLAE van 6 bladsye.

**X05**



INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS A, B en C.
2. Beantwoord slegs DRIE vrae: EEN van Afdeling A  
EEN van Afdeling B  
EEN van Afdeling C
3. Alle diagramme is ingesluit in die bylaag.
4. Nommer alle vrae wat jy beantwoord in die middel van die lyn.
5. Laat 'n lyn oop tussen onderafdelings.
6. Begin om elke nuwe vraag bo-aan 'n nuwe bladsy te beantwoord.
7. Nommer jou antwoorde presies soos die vraag genommer is.
8. Moenie in die kantlyn van jou antwoordboek skryf nie.
9. Omkring die nommers van die vrae wat jy beantwoord het op die voorblad van jou antwoordboek.
10. Skryf duidelik en leesbaar.
11. Waar moontlik, illustreer jou antwoorde met benoemde diagramme.

**AFDELING A: FISIESE AARDRYKSKUNDE**

Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling

**VRAAG 1**

- 1.1 Die volgende stellings hou verband met fisiese Aardrykskunde. Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.
- (a) Die drie hoogdrukselle wat Suid-Afrika se klimaat beheer skuif suidwaarts in ons somer. (1x2) (2)
- (b) Die drie bogenoemde hoogdrukselle word met stygende lug geassosieer. (1x2) (2)
- (c) Mesas en buttes is tipies van die Karoo. (1x2) (2)
- (d) Mesas en buttes ontwikkel vanuit hellende lae. (1x2) (2)
- (e) Moedermateriaal(rots) bepaal die mineraalsamestelling van die grond. (1x2) (2)
- 1.2 Figuur 1.2 A toon die drie hoogdrukselle (antisiklone) wat 'n belangrike rol speel in die beheer van Suidelike Afrika se klimaat. Figuur 1.2 B is 'n dwarsnit op ongeveer 30° S wat die posisie van die inversielaag oor die eskarp illustreer.
- 1.2.1 Verwys na Figuur 1.2 A.
- (a) Identifiseer hoogdrukselle K, L en M. (3)
- 1.2.2 Verwys na Figuur 1.2 B wat die inversielaag toon wat oor Suid-Afrika ontwikkel. Figuur 1.2B toon somertoestande.
- (a) Wat is 'n inversielaag? (2)
- (b) Gee 'n bewys vanaf figuur 1.2B om die stelling te ondersteun dat dit somertoestande is. (1x2) (2)
- (c) Beskryf TWEE weerstoestande wat ervaar kan word in die binneland van Suid-Afrika gedurende die seisoen genoem in vraag 1.2.2 (b). Kies uit die volgende weerstoestande: betrokke, neerslag, hoogdruk, droog. (2x2) (4)

- 1.2.3 Verwys na Figuur 1.2 C wat die posisie van die vogfront / troglyn toon wat die ontwikkeling van lyndonderstorms begunstig.
- (a) Beskryf die posisie van die vogfront/troglyn oor Suid-Afrika. (2)
- (b) Aan watter kant van die vogfront ontwikkel lyndonderstorms? (1x2) (2)
- (c) Noem die wolktype wat met die ontwikkeling van lyndonderstorms geassosieer word. (1x2) (2)
- (d) Wat is die gevolge van lyndonderstorms vir boere en stedelinge in die binneland van Suid-Afrika? (3x2) (6)
- 1.3 Die konstante styging van warm, vogtige lug langs die oostelike eskarphange het hoë reënval tot gevolg. Die hoë reënval het 'n groot invloed op die erosievermoë van die riviere wat die oostelike eskarphange dreineer. Verwys na Figuur 1.3 en beantwoord die volgende vrae wat volg.
- 1.3.1 Verduidelik die betekenis van die volgende terme in Figuur 1.3.
- (a) eskarp (2)
- (b) waterskeiding (2)
- 1.3.2 (a) In watter rigting het die waterskeiding beweeg? (1)
- (b) Gee moontlike redes waarom die riviere by T meer erodeer as dié by S. (2x2) (4)
- (c) Hoe sal die grootte van die dreineringsbekken by S en T beïnvloed word met die verskuiwing van die waterskeiding? (2x2) (4)
- (d) Riviere by T sal 'n hoër afloop hê en minder infiltrasie as die riviere by S. Hoe sal die steilte van die helling die afloop beïnvloed? (2x2) (4)
- 1.4 Figuur 1.4 toon die ontwikkeling van 'n landvorm. Verwys na Figuur 1.4 en beantwoord die vrae wat volg.
- 1.4.1 Watter van die landvorms gemerk X en Z is 'n
- (a) koepel? (1)
- (b) stapelrots? (1)

- 1.4.2 (a) Vorm landvorm Z eerder in graniet as in kalksteen? (1 x 2) (2)
- (b) Water speel 'n belangrike rol by die vorming van landvorm Z. Dui aan of daar chemiese of meganiiese verwerking sal plaasvind. (1 x 2) (2)
- 1.4.3 'n Radiale dreineringspatroon sal heel moontlik by landvorm X ontwikkel.
- (a) Teken 'n eenvoudige planaansig van 'n radiale dreineringspatroon. (1 x 2) (2)
- (b) Noem enige TWEE ander dreineringspatrone wat jy bestudeer het. (2x2) (4)
- 1.5 Figuur 1.5 toon 'n eenvoudige grondprofiel waarin drie horisonte sigbaar is.
- 1.5.1 Definer die term grondprofiel. (2)
- 1.5.2 Identifiseer die DRIE grondhorisonte wat tipies is van 'n volwasse grondprofiel. (3)
- 1.5.3 Dui aan watter EEN van die sones O en R bestaan hoofsaaklik uit
- (a) organiese material. (1x 2) (2)
- (b) soliede rots. (1x2) (2)
- 1.5.4 (a) Sal die grondprofiel beter ontwikkel wees op 'n steil hang of op 'n geleidelike hang? (1x2) (2)
- (b) Gee 'n rede vir jou antwoord in vraag 1.5.4(a). (1x2) (2)

**[75]****OF****VRAAG 2**

- 2.1 Die volgende stellings hou verband met fisiese Aardrykskunde. Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.
- (a) Tropiese siklone ontstaan langs die weskus van Suid-Afrika. (1x2) (2)
- (b) Tropiese siklone ontstaan gedurende die wintermaande. (1x2) (2)
- (c) Die valleie van 'n rivier se bloop is diep en smal. (1x2) (2)
- (d) Rivierverjonging ontstaan wanneer 'n rivier weer afwaarts begin erodeer. (1x2) (2)
- (e) Verwoestyning is die gevolg van verkeerde boerderymetodes. (1x2) (2)

- 2.2      Figuur 2.2 is 'n deel van 'n sinoptiese weerkaart van Suid-Afrika. Tropiese sikloon Elita is duidelik sigbaar langs die ooskus van Suidelike Afrika. Verwys na Figuur 2.2 en beantwoord die vrae wat volg.
- 2.2.1      Watter bewys is op die sinoptiese weerkaart dat Elita 'n tropiese sikloon is? Gee TWEE bewyse. (2)
- 2.2.2      (a)      Hoeveel tropiese siklone het reeds langs die ooskus van Suidelike Afrika ontstaan, Elita ingesluit? (1x2) (2)
- (b)      Gee EEN rede vir jou antwoord in vraag 2.2.2(a). (1x2) (2)
- 2.2.3      (a)      Wat word die sentrum van 'n tropiese sikloon genoem? (1x2) (2)
- (b)      Gee EEN weerstoestand wat met die sentrum van die tropiese sikloon geassosieer word. (1x2) (2)
- 2.2.4      Wat sal met tropiese sikloon Elita gebeur as dit oor die land beweeg? (1 x 2) (2)
- 2.2.5      Noem TWEE gevolge van tropiese sikloon Elita as dit oor die land beweeg. (2 x 2) (4)
- 2.3      Figuur 2.3 dui toestande aan wat tipies van 'n vallei is en 'n groot stad wat op die valleivloer ontwikkel het. Verwys na Figuur 2.3 en beantwoord die vrae wat volg.
- 2.3.1      Verduidelik waarom besoedeling moeilik uit die geïllustreerde vallei sal ontsnap. (1 x 2) (2)
- 2.3.2      Hoe sal die teenwoordigheid van besoedeling in die vallei die temperatuur van die stad beïnvloed? (1 x 2) (2)
- 2.3.3      Hoe sal die teenwoordigheid van besoedeling in die vallei die reënval van die stad beïnvloed? (1x2) (2)
- 2.3.4      Verskaf TWEE moontlike oplossings om besoedeling in hierdie vallei te verminder. (2 x 2) (4)
- 2.4      Die voorkoms van 'n tropiese siklone langs die ooskus van suidelike Afrika verhoog die moontlikheid van oorstroming vir die lande langs die kus.
- 2.4.1      Wat is 'n vloed? (2)
- 2.4.2      Behalwe tropiese siklone, noem EEN ander oorsaak van vloede. (1 x 2) (2)

- 2.4.3 Beskryf die gevolge van oorstroming vir die mens. (2 x 2) (4)
- 2.4.4 Stel TWEE moontlike maatreëls voor om die uitwerking van oorstromings te verminder. (2 x 2) (4)
- 2.5 Verwys na Figuur 2.5 wat 'n stroomprofiel toon nadat verjonging plaasgevind het.
- 2.5.1 Definieer die begrip erosiebasis. (2)
- 2.5.2 (a) Gee EEN voorbeeld van 'n tydelike erosiebasis langs die loop van die rivier. (1x2) (2)
- (b) Gee EEN voorbeeld van 'n permanente erosiebasis langs die rivier se loop. (1x2) (2)
- 2.6 Figuur 2.6 toon 'n dreineringsbekken met medium dreineringsdigtheid / tekstuur. Verwys na Figuur 2.6 en beantwoord die vrae wat volg.
- 2.6.1 Sal die afloop van die stroom gemerk X toeneem of afneem tydens oorstromings? (1x2) (2)
- 2.6.2 Gee 'n rede vir jou antwoord in vraag 2.6.1. (1x2) (2)
- 2.6.3 Toon die dreineringsbekken in figuur 2.6 'n dendritiese of radiale dreineringspatroon? (1x2) (2)
- 2.7 Figuur 2.7 illustreer die uitwerking van die mens op 'n ekosisteem.
- 2.7.1 Wat is 'n ekosisteem? (2)
- 2.7.2 Wat is die hooforsaak van 'n wanbalans in 'n ekosisteem, reg oor die wêreld? (1)
- 2.7.3 Identifiseer TWEE maniere waarop mense inmeng by ekosisteme oor die wêreld. (2x2) (4)
- 2.7.4 Waarom is dit belangrik om natuurlike ekosisteme te bewaar? (2x2) (4)
- 2.7.5 Stel TWEE maniere voor hoe ekosisteme bewaar kan word. (2x2) (4)

**[75]****TOTAAL AFDELING A: 75**

**AFDELING B****NEDERSETTINGSAARDRYKSKUNDE**

Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.

**VRAAG 3**

- 3.1 Die volgende stellings hou verband met Nedersettingsaardrykskunde. Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.
- 3.1.1 Verwys na Figuur 3.2 wat landelike nedersettings voorstel.
- (a) Nedersetting iv is die kleinste van die vier geïllustreerde nedersettings. (1x2) (2)
  - (b) Volgens grootte en kompleksiteit, is nedersetting (iv) 'n boeredorpie. (1x2) (2)
  - (c) Migrasie vanaf nedersetting iv het die gevolg dat die bevolking ouer word. (1x2) (2)
- 3.1.2 Verwys na Figuur 3.4 wat 'n stad met sy verskillende grondgebruiksone voorstel.
- (a) Industriële sone D is die ligte nywerheidsone. (1x2) (2)
  - (b) 'n Mens sal 'n sementfabriek in nywerheidsone D kry. (1x2) (2)
- 3.2 Figuur 3.2 toon verskillende landelike nedersettings wat verskil in grootte en kompleksiteit. Hierdie nedersettings het ook verskillende vorms en patrone aangeneem.
- 3.2.1 Verwys na nedersetting (iii) en (iv).
- (a) Dui aan watter nedersetting is rond en watter is lineêr. (2)
  - (b) Gee redes vir elk van die vorms. (2)
- 3.2.2 Verwys na nedersetting (ii)
- (a) Verskaf EEN bewys wat aantoon dat die boer die grond beskerm teen erosie. (1 x 2) (2)
  - (b) Hoekom is dit belangrik vir hierdie boer om die grond te beskerm? (1 x 2) (2)

- 3.2.3 Grond wat aan boer X behoort kom verspreid rondom die nedersetting voor.
- (a) Gee EEN nadeel wat boer X het om sy plaas te bestuur. (1x2) (2)
- (b) Gee EEN voordeel wat boer X geniet om op die plaas te woon. (1 x 2) (2)
- (c) Baie mense verlaat die nedersetting om in groot stede te gaan bly. Gee DRIE moontlike redes (stootfaktore) vir hierdie neiging. (3x2) (6)
- 3.3 Figuur 3.3 toon 'n paar gespesialiseerde nedersettings. Hierdie nedersettings is goed geleë ten opsigte van hul omgewing.
- 3.3.1 Waarna verwys die term ligging? (2)
- 3.3.2 Wat is 'n gespesialiseerde nedersetting? (2)
- 3.3.3 (a) Watter nedersetting, C of D, is 'n poortdorp? (2)
- (b) Hoekom het hierdie nedersetting wat jy gekies het op hierdie spesifieke plek ontwikkel? (1x2) (2)
- 3.3.4 (a) Nedersetting I is 'n vragverbrekingpunt. Wat beteken dit? (1x2) (2)
- (b) Die uitbreiding van nedersetting I is beperk. Waarom is dit so? (1 x 2) (2)
- 3.3.5 Identifiseer TWEE gespesialiseerde nedersettings wat ontwikkel het as gevolg van primêre aktiwiteite. (2 x 2) (4)
- 3.4 Figuur 3.4 toon 'n moderne stedelike nedersetting met sy verskillende stedelike grondgebruiksones. Verwys na Figuur 3.4 en beantwoord die vrae wat volg.
- 3.4.1 Verwys na die verskillende groengordels en parke wat sigbaar is op die diagram.
- (a) Wat is 'n groengordel? (2)
- (b) Waarom is dit belangrik om die groengordels in stand te hou? (2)
- (c) Sal 'n woongebied langs 'n groengordel 'n hoë of lae grondwaarde hê? (1 x 2) (2)
- (d) Waarom wil mense in 'n woongebied naby 'n groengordel woon? (1 x 2) (2)

- 3.4.2 Ligte nywerhede is belangrik in die funksionering van 'n stad omdat hulle belangrike dienste lewer.
- (a) Lys TWEE verskille tussen ligte en swaar nywerhede. (2 x 2) (4)
- (b) Waarom kom ligte nywerhede gewoonlik naby die SSK of in die voorstede voor? (2 x 2) (4)
- (c) Sal woongebiede naby swaar nywerhede lae of hoë inkomste woongebiede wees? (1 x 2) (2)
- (d) Gee 'n moontlike rede vir jou antwoord in vraag 3.4.2(c). (1 x 2) (2)
- 3.4.3 Die landelik-stedelike oorgangsonne is duidelik aangedui op die diagram.
- (a) Waar is die landelik-stedelike oorgangsonne geleë met betrekking tot die stad? (1)
- (b) Is die landelik-stedelike oorgangsonne tipies van 'n stad of 'n landelike nedersettings? (1x2) (2)
- (c) Lys TWEE stedelike funksies wat tipies is van die landelik-stedelike oorgangsonne. (2x2) (4)
- (d) Verduidelik waarom die funksies genoem in Vraag 3.4.3(c) tipies is van die landelik-stedelike oorgangsonne. Verwys na die grootte van die grond wat benodig word en die grondwaarde van die buitewyke van die stede. (2x2) (4)
- [75]**

**OF**

#### **VRAAG 4**

4.1 Die volgende stellings hou verband met Nedersettingsaardrykskunde. Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.

4.1.1 Verwys na Figuur 4.2 wat 'n sentrale plek aantoon.

- (a) Die nedersetting toon 'n lineêre vorm. (1x2) (2)
- (b) Die nedersetting wat hier getoon word, het 'n tros / kern patroon. (1x2) (2)
- (c) Die omringende gebied wat deur die nedersetting bedien word is bekend as sy landelik-stedelike oorgangsonne. (1x2) (2)

- 4.1.2 Verwys na Figuur 4.4 wat 'n stedelike nedersetting aantoon.
- (a) Die SSK het ontwikkel waar hoofvervoerroetes bymekaar kom. (1x2) (2)
- (b) Die baie winkelsentrums in die woongebiede is die gevolg van kommersiële desentralisasie. (1x2) (2)
- 4.2 Verwys na Figuur 4.2 wat 'n sentrale plek toon. Verskeie fisiese faktore het 'n rol gespeel by die keuse van 'n standplaas van 'n sentrale plek.
- 4.2.1 Wat is 'n sentrale plek? (2)
- 4.2.2 (a) Definieer die term standplaas. (2)
- (b) Identifiseer TWEE fisiese faktore wat 'n rol gespeel het by die keuse van die standplaas van hierdie sentrale plek. (2)
- 4.2.3 Verskaf 'n rede vir die vorm van die sentrale plek. (1 x 2) (2)
- 4.3 Vanuit die bewyse in Figuur 4.3 is dit duidelik dat die drempelbevolking van die sentrale plek in Figuur 4.3 (verminder) daal. Die belangrikheid van hierdie sentrale plek daal ook stadig.
- 4.3.1 (a) Wat word bedoel met die term drempelbevolking? (2)
- (b) Watter bewys in die diagram toon dat die drempelbevolking van die sentrale plek daal? (1 x 2) (2)
- 4.3.2 Die daling van die drempelbevolking is die gevolg van landelike ontvolking.
- (a) Wat is landelike ontvolking? (2)
- (b) Gee DRIE trekfaktore wat landelike ontvolking veroorsaak. (3 x 2) (6)
- (c) Sal ouer of jonger mense in die landelike gebiede agterbly as gevolg van landelike ontvolking? (1 x 2) (2)
- (d) Sal landelike ontvolking die kwaliteit van dienste in die sentrale plek laat verbeter of laat verswak? (1 x 2) (2)
- (e) Gee 'n rede vir jou antwoord in Vraag 4.3.2(d). (1 x 2) (2)
- (f) Gee TWEE moontlike maatreëls wat getref kan word om landelike ontvolking te vertraag vanuit hierdie sentrale plek. (2x2) (4)

- 4.3.3 (a) Sal landelike ontvolking die invloedsfeer laat uitbrei of laat krimp van hierdie sentrale plek? (1x2) (2)
- (b) Sal landelike ontvolking die reikwydte van hierdie sentrale plek laat uitbrei of krimp? (1x2) (2)
- 4.4 Die vervoernetwerk het 'n hoofrol gespeel in die ontwikkeling van die vorm en die ligging van die verskillende grondgebruiksones van die nedersetting wat in Figuur 4.4 geïllustreer is. Verwys na Figuur 4.4 en beantwoord die vrae wat volg.
- 4.4.1 Toeganklikheid het 'n hoof rol gespeel in die ontwikkeling van die SSK / kommersiële sentrum.
- (a) Wat beteken die term toeganklikheid? (1x2) (2)
- (b) Waarvoor staan die afkorting SSK? (3)
- (c) Hoe het toeganklikheid die gebouedigheid in die SSK beïnvloed? (1x2) (2)
- (d) Hoe het toeganklikheid die hoogte van die geboue in die SSK beïnvloed? (1x2) (2)
- (e) Hoe het toeganklikheid grondwaarde in die SSK beïnvloed? (1x2) (2)
- 4.4.2 Het die ontwikkeling van die padnetwerk en die groter aantal private voertuigeienaars die reikwydte (afstand wat mense sal ry om 'n diens te gebruik) van die SSK van hierdie stad vergroot of verklein? (1x2) (2)
- 4.5 Soos wat die landelike inwoners na die stede getrek word op soek na 'n beter lewenstandaard, het die getal informele nedersettings wat die stede omring ook vermeerder.
- 4.5.1 Wat is 'n informele nedersetting? (2)
- 4.5.2 Lys TWEE voorbeelde van die materiaal wat gebruik word om die informele huise te bou. (2)
- 4.5.3 Waarom ontstaan informele nedersettings? (1x2) (2)

- 4.5.4 Verwys na die informele nedersettings Chawana en Jack. Die mens wat in hierdie twee informele nedersettings woonagtig is ondervind probleme om werk te kry. Om hierdie probleem te oorkom het hulle in die informele sektor van die ekonomie werk gekry.
- (a) Wat is bewys in Figuur 4.4 toon dat mense wat in Chawana en Jack woonagtig is, afhanklik van publieke vervoer is? (2)
- (b) Verduidelik waarom is dit moeilik vir die mense wat hier woon om werk te kry. (1 x 2) (2)
- (c) Gee EEN voorbeeld van 'n werksgeleentheid in die informele sektor van die ekonomie. (1 x 2) (2)
- (d) Waarom is dit belangrik om mense aan te moedig om by die informele sektor van die ekonomie betrokke te raak? (1 x 2) (2)
- 4.5.5 Behalwe werk, gee TWEE ander probleme wat die mense wat in hierdie informele sektor woon, ervaar. (2x2) (4)
- [75]
- TOTAAL AFDELING B 75**

**AFDELING C: STREEKSAARDRYKSKUNDE**

Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.

**VRAAG 5**

- 5.1 Die volgende stellings hou verband met Suid-Afrikaanse Aardrykskunde. Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.
- 5.1.1 (a) Die Drakensberge is die hoogste bergreeks van die Groot Eskarp. (1x2) (2)
- (b) Die Oranje-Vis-wateroordragskema voorsien water aan die Wes-Kaap. (1x2) (2)
- (c) Motormontering is die belangrikste nywerheidsaktiwiteit in die Oos-Kaap. (1x2) (2)
- (d) Handelsbalans is die opsomming van al Suid-Afrika se transaksies met die res van die wêreld. (1x2) (2)
- (e) Die GEAR-beleid het ten doel om die mense ekonomies op te hef. (2)
- 5.2 Verwys na figuur 5.2 en beantwoord die vrae wat volg.
- 5.2.1 Identifiseer die provinsies gemerk B en C. (2)
- 5.2.2 Identifiseer die rivier gemerk D. (1)
- 5.2.3 Identifiseer die oseaan gemerk E. (1)
- 5.2.4 Die fisiografiese (fisiese) verskynsel gemerk A is 'n belangrike waterskeiding. Dit plaas ook 'n beperking op die ontwikkeling van die vervoernetwerke vanaf die binneland na die kus.
- (a) Identifiseer die fisiografiese (fisiese) verskynsel gemerk A. (1x2) (2)
- (b) Hoekom vorm verskynsel A 'n vervoerversperring tussen die binneland en die kus? (1x2) (2)
- (c) Wát is gedoen om verskynsel A as 'n vervoerversperring te oorkom. Gee EEN voorbeeld. (1x2) (2)



- 5.5.5 Gee TWEE moontlike oplossings vir die probleem van indringing deur swakker plantspesies. (2x2) (4)
- 5.6 Figuur 5.6 toon Suid-Afrika se vier belangrikste nywerheidsgebiede. Verwys na figuur 5.6 en beantwoord die vrae wat volg.
- 5.6.1 Tot watter ekonomiese sektor behoort nywerhede? (1x2) (2)
- 5.6.2 Lys TWEE faktore wat nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika begunstig. (2x2) (4)
- 5.6.3 Lys TWEE faktore wat nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika strem. (2x2) (4)
- 5.6.4 Van watter belang is die nywerheidsontwikkeling vir die Suid-Afrikaanse ekonomie? (2x2) (4)
- 5.7 Handel speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die ekonomie. Verwys na Figuur 5.7 wat die handelsbalans van Suid-Afrika in 2000 aantoon.
- 5.7.1 Verduidelik die term handelsbalans. (2)
- 5.7.2 Was Suid-Afrika se handelsbalans positief of negatief in 2000? (1x2) (2)
- 5.7.3 Verduidelik jou antwoord in vraag 5.7.2. (1x2) (2)
- [75]**

**OF**

### **VRAAG 6**

- 6.1 Die volgende stellings hou verband met Suid-Afrikaanse Aardrykskunde. Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.
- 6.1.1 (a) Mosambiek is 'n landomsluitende buurstaat van Suid-Afrika. (1x2) (2)
- (b) Hidro-elektrisiteit word by die Van der Kloofdam opgewek. (1x2) (2)
- (c) SASOL, Suid-Afrika se grootste petro-chemiese nywerheid, is in die PWV-nywerheidsgebied geleë. (1x2) (2)
- (d) Die waarde van goedere en dienste gelewer in Suid-Afrika verwys na die BNP. (1 x 2) (2)
- (e) Suid-Afrika se HOP-beleid is na 1994 ingebring. (1x2) (2)

- 6.2      Figuur 6.2 toon werkloosheid in elke provinsie van Suid-Afrika. Tabel 6.2 toon vir elke provinsie statistiek van die allergrootste belang. Bestudeer figuur 6.2 en tabel 6.2 en beantwoord die vrae wat volg.
- 6.2.1      Verwys na figuur 6.2.
- (a)      Identifiseer buurstate A en B van Suid-Afrika. (2)
- (b)      Identifiseer hawe C en dui aan watter rou grondstof hierdeur uitgevoer word. (2)
- (c)      Identifiseer hawe D en dui aan watter rou grondstof hierdeur uitgevoer word. (2)
- 6.2.2      Verwys na figuur 6.2.
- (a)      Watter provinsie het die hoogste werkloosheidsyfer in Suid-Afrika? (1x2) (2)
- (b)      Watter persentasie van die ekonomies aktiewe mense in die genoemde provinsie in vraag 6.2.2(a) is werkloos? (1x2) (2)
- (c)      Gee EEN moontlike oplossings om die werkloosheid in Suid-Afrika te verminder. (1x2) (2)
- 6.2.3      Verwys na tabel 6.2
- (a)      Watter provinsie het die hoogste bevolkingsdigtheid? (1)
- (b)      Watter provinsie het die laagste bevolkingsdigtheid? (1)
- (c)      Gee TWEE moontlike redes waarom die provinsie geïdentifiseer in vraag 6.2.3(a) die hoogste bevolkingsdigtheid het. (2x2) (4)
- 6.2.4      Verwys na tabel 6.2. Dit toon duidelik dat Gauteng die grootste bydrae lewer tot Suid-Afrika se BBP.
- (a)      Waarvoor staan die afkorting BBP? (2)
- (b)      Hoeveel persent dra Gauteng by tot Suid-Afrika se BBP? (1)
- (c)      Watter mynbou-aktiwiteit (mineraal) dra die meeste by tot die ekonomiese welvaart van Gauteng? (1x2) (2)
- (d)      Sekondêre aktiwiteite dra tot die ekonomiese welvaart van Gauteng by. Gee EEN faktor wat die nywerheidsontwikkeling in hierdie provinsie begunstig. (1x2) (2)


- 6.3 Die Suidwes-Kaap is bekend as een van die grootste nywerheidsgebiede in Suid-Afrika. Die enigste kernkragsentrale in Suid-Afrika is ook in hierdie provinsie. Verwys na figuur 6.3 en beantwoord die vrae wat volg.
- 6.3.1 Noem die hoofstad van die Wes-Kaap. (1)
- 6.3.2 Identifiseer TWEE hoofkategorie van primêre ekonomiese aktiwiteite wat beoefen word in die Wes-Kaap. (2x2) (4)
- 6.3.3 Gee EEN soort nywerheid wat in die Wes-Kaap voorkom. (1x2) (2)
- 6.3.4 Gee TWEE voordele wat nywerheidsontwikkeling in die Wes Kaap vir die mense van die Wes-Kaap inhou. (2x2) (4)
- 6.3.5 Baie nywerhede sal hul elektrisiteit van Suid-Afrika se enigste kernkragsentrale wat in die Wes-Kaap geleë is ontvang.
- (a) Tot watter ekonomiese sektor behoort die voorsiening van elektrisiteit? (1x2) (2)
- (b) Gee 'n rede vir jou antwoord in vraag 6.3.5(a). (1x2) (2)
- (c) Benoem die kernkragsentrale wat in die Wes-Kaap voorkom. (1x2) (2)
- 6.4 In die provinsies aan die kus soos die Wes Kaap word daar groot druk geplaas op die kus-ekosisteme. Dit het die gevolg dat volhoubare ontwikkeling nodig is.
- 6.4.1 Verwys na figuur 6.4 en beantwoord die vrae wat volg.
- (a) Behalwe die Wes-Kaap, identifiseer DRIE ander provinsies aan die kus van Suid-Afrika. (3)
- (b) Identifiseer die TWEE aktiwiteite wat in figuur 6.4 sigbaar is wat 'n negatiewe invloed op die kus-ekosisteme het. (2x2) (4)
- (c) Hoe sal visvangaktiwiteite 'n impak hê op die grootte van die visbevolking in die kus-ekosisteme? (1x2) (2)
- (d) Met verwysing na jou antwoord in vraag 6.4.1(c), hoe sal die ekonomie van die vissersgemeenskappe beïnvloed word? (2x2) (4)
- (e) Beveel EEN moontlike maatreël aan wat bekend gestel kan word om die verwoesting van die kusomgewing om te keer. (1x2) (2)

- 6.4.2 Lees die volgende uittreksel wat in die *Earthyear*, Vol 2 2002 verskyn het.  
 "Die werking van die kusprogramme – 'n Kusomgee inisiatief – is 'n goeie voorbeeld van volhoubare kusontwikkeling. Al langs die Suid-Afrikaanse kuslyn is werkseleenthede geskep, die kusomgewing het dramaties verbeter, mense is opgelei en klein besighede is begin. Die inskakeling van omgewings- en ekologiese belange met die ontwikkeling van die kus-ekonomie is albei dinamies en opheffend ... maar die belangrikste is, Kusomgee help die mees behoeftige gemeenskappe. Die hoofstukrag agter die program is om armoede te verlig deur volhoubare ontwikkeling"  
 (Vrye vertaling)

- (a) Definieer die term volhoubare ontwikkeling. (2)
- (b) Wat is die voordeel van volhoubare ontwikkeling vir die omgewing? (1 x 2) (2)
- (c) Met verwysing na die uittreksel, gee TWEE voordele van volhoubare ontwikkeling vir die plaaslike vissersgemeenskappe. (2x2) (4)

[75]

**TOTAAL AFDELING C: 75****GROOTTOTAAL: 225**



**education**

---

Department:  
Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2007**


**AARDRYKSKUNDE V1 BYLAE**

**HOËR GRAAD / STANDAARDGRAAD**

**FEBRUARIE/MAART 2007**

**502-1/1 & 502-2/1**

**X05**




**BYLAE**

**Hierdie bylae bestaan uit 6 bladsye**




FIGURE 1.2A




FIGUUR 1.2A

FIGURE 1.2B




FIGUUR 1.2B

FIGURE 1.2C




FIGUUR 1.2C

FIGURE 1.3




FIGUUR 1.3

FIGURE 1.4



FIGUUR 1.4

FIGURE 1.5



FIGUUR 1.5









FIGURE 4.2

FIGUUR 4.2



AGRICULTURAL LAND  
LANDBOUGGROND

FIGURE 4.3

FIGUUR 4.3





FIGURE 4.4

FIGUUR 4.4



KEY/SLEUTEL

	SQUATTER COMMUNITY PLAKKERSGEMEENSAP
	SQUATTER COMMUNITY RURAL IN CHARACTER PLAKKERSGEMEENSAP MET LANDELIKE KARAKTER
	HIGH DENSITY RESIDENTIAL Hoë DIGTHEID RESIDENSIE&L
	LOW DENSITY RESIDENTIAL LAë DIGTHEID RESIDENSIE&L
	INDUSTRY NYWERHEID
	COMMERCIAL CENTRE KOMMERSI&LE SENTRUM

	RAILWAY / SPOORWEG
	ROAD / PAD



FIGURE 5.2





FIGURE 5.2

FIGURE 5.6



FIGUUR 5.6

FIGUUR 5.3






FIGURE 5.3

FIGURE 5.5



FIGUUR 5.5

FIGURE 5.7



FIGUUR 5.7

FIGURE 5.4




FIGURE 5.4



TABEL 6.2

	AREA (km <sup>2</sup> )	POPULATION BEVOLKING	POPULATION DENSITY/km <sup>2</sup> BEVOLKINGS-DIGTHEID/km <sup>2</sup>	URBANISED VERSTEDELIK (%)	CONTRIBUTION TO GDP (%) BYDRAE TOT BBP (%)
SOUTH AFRICA SUID-AFRIKA	1 398 088	46 888 200	33,5	48,3	100
WESTERN CAPE WESKAAP	154 463	4 645 600	30,1	86,5	13,2
EASTERN CAPE OOSKAAP	200 893	7 039 300	35,0	32,6	7,5
NORTHERN CAPE NOORDKAAP	417 345	902 300	2,2	73,0	2,2
FREE STATE VRYSTAAT	148 117	2 953 100	19,9	54,1	7,1
KWAZULU/ NATAL	105 406	9 651 100	91,6	37,6	14,7
NORTH WEST NOORDWES	129 876	3 823 900	29,4	31,6	6,9
GAUTENG	18 939	9 018 000	476,2	96,0	36,9
MPUMALANGA	88 529	3 219 900	36,4	31,2	8,3
LIMPOPO	134 520	5 635 000	41,2	9,1	3,1

TABLE 6.2

FIGUUR 6.2




FIGURE 6.2

FIGUUR 6.3




FIGURE 6.3

FIGUUR 6.4




FIGURE 6.4